

Sing vooraf staande: Psalm 131:1, 2 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Gebed

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21; Romeine 7:7-25

Kernverse: Eksodus 20:17

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. (Eksodus 20:17 AFR53)

Tema: Om beeld van God te wees in my hart waar net God alleen kan sien

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here gee vir ons in die boek Spreuke hierdie wyse woorde:

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. (Spreuke 4:23 AFR83)

Wanneer ons vanaand by die tiende gebod stilstaan, sal ons sien hoe waar hierdie woord van die Here regtig is. Die tiende gebod het juis met my en jou hart in besonder te doen, want dit handel oor die begeertes van ons hart.

In elkeen van die eerste nege gebooie het die Here telkens iets van sy eie karakter aan ons bekend gemaak. Die Heilige Gees skryf hierdie gebooie op die tafel van ons hart omdat Hy ons van binne af nuut maak sodat die beeld van God al duideliker uit ons lewens kan straal. In die eerste vier gebooie handel dit oor ons optrede teenoor God self.

Met hierdie eerste vier gebooe rig die Heilige Gees ons lewe sodat ons die beeld van God opwaarts – na die Here self – sal uitstraal. Die ander ses gebooe handel oor ons optrede teenoor ons naaste. Met hierdie ses gebooe rig die Heilige Gees ons lewe sodat ons die beeld van God opwaarts sal vertoon in ons verhouding met ander mense, maar ook uitwaarts na ander mense toe. Ander mense moet God immers in ons en deur ons optrede leer ken sodat hulle Hom ook kan aanbid en dien.

Maar die Here is nie net besorg oor hoe ek sy beeld gaan vertoon wanneer dit kom by my uitwendige optrede teenoor Hom en teenoor my naaste nie. Uiteindelik is Hy besorg oor wat in my hart aan die gang is, want dit gaan bepaal hoe my lewe in werklikheid na Hom toe en na my naaste toe gaan lyk en wat ek teenoor Hom en my naaste doen. Kom ons luister nou met onverdeelde aandag na wat die Here oor my en jou hart sê.

In die gebod soos wat die Here dit met sy eie mond uitgespreek het, is daar vier sake waarop die Heilige Gees ons aandag vestig. Die eerste saak waarop ons aandag gevestig word, is die herhaling van die verbod: **Jy mag nie ... begeer nie** (Eksodus 20:17 AFR53). En omdat die Here ons deur en deur ken, sê Hy weer 'n keer: **Jy mag nie ... begeer nie** (Eksodus 20:17 AFR53).

Ons mense sal maklik sê dat die herhaling oorbodig is, maar die Heilige Gees verseker ons dat die Here nooit sy asem mors deur iets onnodig te sê nie. Selfs wanneer ons op heterdaad betrap word, het ons steeds die idee dat ons onself kan verontskuldig. Dit begin sommer van kleins af. Ma kom in die kombuis in waar boetie met sy hand in die koekieplik staan. En as sy vra: Wat doen jy? is sy eerste antwoord: Niks nie. Die krummels om sy mond en die koekies in sy hand verklap sy misdaad, maar hy hou vol dat hy niks doen nie.

Ons grootmense doen dit ook. Ons gabs nie koekies nie, maar doen iets anders. Iemand vra jou: Sukkel jy ook met jaloesie? En ons eerste antwoord is: Ek? Nee, nooit nie? Maar ons weet dit is nie waar nie, maar geen ander mens kan in my hart sien of ek die waarheid praat nie. Nou sê die Here self vir ons: **Jy mag nie ... begeer nie** (Eksodus 20:17 AFR53). En net voordat ons vir Hom kan sê: “Maar, Here, ek begeer nooit nie,” sê Hy dit die tweede maal vir ons. Die Here ken ons immers deur en deur, daarom weet Hy dat ons nodig het om die verbod twee maal te hoor.

Let in die tweede plek op dat daar sewe goed is – mense en dinge – wat ons nie mag begeer nie.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. (Eksodus 20:17 AFR53)

Sewe is in die Bybel 'n getal van volheid of volledigheid. Met hierdie sewe maak die Here dit vir ons duidelik dat ons absoluut niks wat aan iemand anders behoort mag begeer nie. Wat aan my naaste behoort is syne en ek het geen reg daarop nie. Daarom mag ek nie my hart op iets sit wat aan my naaste behoort nie.

In die derde plek moet ons raaksien dat die woord *naaste* drie keer in hierdie gebod genoem word. Hierdie drie keer herhaling van die begrip *naaste* help ons om te verstaan wat die Here met *begeer* bedoel.

Begeer kan ook positief bedoel word na gelang van die konteks. Daar behoort in ons 'n begeerte te wees tot alle opregtheid, soos ons in Sondag 44 bely. Ons moet begeer om

volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe, volgens ons belydenis in Sondag 33. Die Here verbied dus nie begeerte *per se* nie.

Wanneer dit egter kom by wat die Here aan my naaste gegee het om tot eer van sy Naam te bestuur, mag ek dit nie begeer nie. Wanneer ek hierdie dinge begeer, plaas ek nie my naaste se belange bo my eie nie. Uit selfsug soek ek eerder my eie belange, daarom is ek jaloers op wat my naaste het en my hart begin al meer en meer neig om wat aan hom behoort vir myself in die hande te kry.

Ons kom dus agter dat begeer in hierdie gebod meer as net 'n wens of 'n verlange is. Begeer in hierdie gebod dui 'n verlange aan wat reeds aangegroe het tot 'n besluit om wat begeer word te probeer verkry sodra die geskikte geleentheid hom voordoet.

En in die vierde plek moet ons oplet hoe die Here hierdie gebod hier afkondig.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. (Eksodus 20:17 AFR53)

Met *huis* word nie net die woning van my naaste bedoel nie. Huis verwys na die gebou, ja, maar dit verwys na alles wat tot daardie huis behoort. 'n Ander vertaling sou kon wees *huishouding*. En tot die huishouding van my naaste is daar eerste sy vrou, dan die ander mense wat in daardie huishouding lewe en werk. Daarby kom ook nog my naaste se diere en al die ander goed wat tot sy huishouding behoort.

Die Here waarsku ons baie ernstig teen hierdie slegte begeertes, want Hy weet dat slegte begeertes nie net my verhouding met my naaste groot skade gaan aanrig nie, dit gaan ook my verhouding met God self verongeluk. Huwelike is al verongeluk deur sulke slegte begeertes. Mense het al in die tronk beland omdat hulle begeer het om ander mense se goed in die hande te kry en dit uiteindelik gesteel het of bedrog gepleeg het om dit in die hande te kry.

Maar wat gebeur binne-in 'n mens wanneer jy jouself met slegte begeertes besig hou? Jou hart raak gefokus op die goed wat hier op die aarde is. Wanneer jy jouself kom kry, is jy besig om te droom oor die mense of goed wat aan jou naaste behoort. Uiteindelik laat jy toe dat hierdie slegte begeertes om ander se goed in die hande te kry God uit jou hart verdring. Jy is dan besig om afgodery te pleeg, want jy raak behep met die dinge wat jy begeer.

Begeertes na enige iets wat aan my naaste behoort, verklap ook my gesindheid teenoor God. Wat ons ook al het, het ons uit die hand van ons goeie Vader ontvang. Wanneer ek egter my naaste se vrou begeer, gee ek te kenne dat ek ontevrede is met die vrou wat die Here aan my gegee het. Wanneer ek iemand anders se omstandighede begeer, omdat ek dink dit is beter as my eie, sê ek eintlik dat die Here 'n fout gemaak het deur my in hierdie omstandighede te laat beland. Ek bevraagteken dan die Here se alwyse regering en is onvergenoeg met wat die Here my toebedeel het.

Geliefdes, met die tiende gebod leer die Heilige Gees ons dat ons nie net die beeld van God deur ons uitwendige optrede vertoon nie. Dit is nie net in my optrede teenoor God of in my optrede teenoor my naaste waar ek beeld van God behoort te wees nie. Reeds in my hart moet die beeld van God al duideliker word sodat my lewe na buite en na bo duidelik beeld van God kan wees. Maar die Heilige Gees leer ons nie net dat God besorg is oor my en jou hart nie. Deur middel van die tiende gebod leer die Heilige Gees hoe die sonde deel van my en jou lewe geword het en in die tussentyd dink ons dat ons eintlik goeie mense is.

Paulus was vir baie lank in sy lewe daarvan oortuig dat hy onberispelik is. As Fariseër was hy daarop ingestel om die hele wet nougeset te gehoorsaam. Deur middel van sy gehoorsaamheid aan die wet was hy ook oortuig dat hy daardeur die guns van God gewen het. Hierdie oortuiging wat Paulus gehad het, is baie maal ook nog ons eie oortuiging. Ons bekyk ons eie lewens in die lig van die Tien Gebooie en dan maak ons die gevolgtrekking dat ons onberispelik is. Ons dien nie ander gode nie. Ons gebruik nie die Naam van die Here ydellik nie. Ons respekteer ons ouers. Ons beledig niemand nie. En so gaan ons oor elkeen van die eerste nege gebooie en aan die einde klop ons onself op die skouer in selftevreidenheid.

Maar toe maak die Heilige Gees Paulus se oë oop oor die tiende gebod. Hoor hoe sê hy dit:

Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie. Romeine 7:7b AFR53)

Dit was die begrip oor die tiende gebod wat Paulus laat besef het dat daar nie 'n manier is om jouself voor God te regverdig deur gehoorsaam te lewe aan die Tien Gebooie nie. Inteendeel, dit was juis deur middel van die tiende gebod dat die Heilige Gees Paulus tot die oortuiging gebring het dat hy 'n sondaar is. Ons kan al die regte dinge doen en mense kan ons daarvoor prys, want hulle sien dit raak, maar daardie slegte begeertes in ons hart word deur geen mens raakgesien nie en daarom koester ons hulle ook.

Die gevolg hiervan is dat ons almal geneig is om 'n gesplete lewe te lei. Met ons woorde en dade kan ons bely dat ons God van harte liefhet, maar in ons binneste waar geen ander mens kan sien nie, is ons besig met 'n werklikheid wat ver verwyder van liefde vir God is.

Met behulp van die tiende gebod leer die Heilige Gees ons ook die verskriklikheid van die sonde. Paulus verwoord dit so:

Die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat goed is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde werklik is. (Romeine 7:13 AFR83)

Slegte begeertes is 'n wortelsonde. Daarmee bedoel ons dit is die sonde waaruit al die ander sondes voortspruit. As ons nie die slegte begeertes nek omdraai wanneer hulle by ons opkom nie, maar toelaat dit hulle in ons harte voortlewe, sal hulle ons aangryp en saamsleep. En wanneer ons hierdie begeertes koester, sal hulle bevrug word en uiteindelik bring hulle die sonde voort. So het Jakobus ook daarvoor geskryf (Jak 1:14-15). Enige mens is tot die verskriklikste sondes in staat. En dit is met die tiende gebod waarmee die Heilige Gees vir ons wys hoe skrikwekkend die sonde werklik is. Dit loop uiteindelik uit op die dood en 'n totale verwydering van God.

Met die tiende gebod wys die Heilige Gees ons op nog 'n derde saak, en dit is hoe die sonde deel van ons lewens geword het. Die sonde is so deel van ons menswees dat ons dink dit is normaal om sulke begeertes te hê. Dit was eers toe die Heilige Gees vir Paulus gewys het dat hy 'n sondaar is en hoe verskriklik die sonde is dat hy agtergekom het hoe verkleef hyself aan die sonde is. As gelowiges neem ons onself voor om die goeie te doen, maar as ons onself weer kan kry, het ons klaar die verkeerde ding gedoen. Van nature is slegte begeertes deel van ons.

Uiteindelik bring begrip van die tiende gebod ons daarby uit om te besef dat ons die genade van God werklik nodig het. In frustrasie roep Paulus en elke ander gelowige uit:

Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. (Romeine 7:24-25 AFR83)

Jesus Christus se offer aan die kruis is ook 'n betaling vir hierdie sondes teen die tiende gebod. Omdat ons so verkleef is aan die sonde en omdat slegte begeertes so natuurlik by ons is, het ons die genade van God in Jesus Christus nodig. Net sy bloed kan hierdie skuld van ons en uit ons uit wegwas.

Daarom, wanneer ek en jy agterkom dat ons toegelaat het dat slegte begeertes in ons broei en groei, kan ons by die Here smeeek dat die Heilige Gees ons met die bloed van Christus was. Ons moet smeeek dat Hy hierdie slegte begeertes uit ons hart sal verwyder. En ons moet in die voetspore volg waarin die Heilige Gees ons lei. Ons moet ons gedagtes rig op die dinge wat daarbo is en nie op die dinge wat op die aarde is nie. Mag ons so vervul word met die Heilige Gees dat daar nie meer in ons harte ruimte sal wees vir slegte begeertes nie. Mag ons saam met die vervulling met die Heilige Gees ook die begeerte ontwikkel om in alle opregtheid voor God te bly lewe. Mag die Heilige Gees ons gedagtes so vernuwe dat die beeld van God in ons hart gevestig sal raak sodat ons in alle gehoorsaamheid getrou aan Hom sal lewe. Dit is immers die Here se begeerte dat mense hulle van hulle sondes sal bekeer en bly lewe.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (26:1, 10, 11)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Januarie 2014